Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 15

(Oktober 1962)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Weerlê - Dit...

Op 31 Oktober 1517 het Maartin Luther 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg gespyker. In daardie tyd het dit beteken dat hy as geleerde enigeen uitdaag om sy stelling te weerlê.

Dit was die begin van die groot kerkhervorming, later deur veral Calvyn in besonderhede uitgewerk.

Vandag, vier én 'n half eeu later, bely ons nog saam met daardie manne die groot waarhede van die Bybel.

Ons wil hierdie bladsy vasspyker aan u voordeur. U word uitgenooi *om dit met bewyse* en argumente te weerlê.

- Ons bely dat die Woord van God, die Bybel, nie voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar dat die skrywers, deur die Heilige Gees gedrywe, dit gespreek het.
- Ons bely dat alle mense verdorwe is in hulle natuur. Geheel en al besmet en van nature radikaal verlore.
- Ons bely dat die geluksaligheid en vrede alleen geleë is in die herstelde verhouding met God wat nie moontlik is sonder die geloof in Jesus Christus nie. Hy het die oordeel gedra en alleen deur die ware geloof kry ons deel aan sy verdienste, wat ons ongeregtighede bedek.
- *9* Ons bely dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde.
- *Ons bely dat die kerk die moeder van die gelowiges is en dat daarbuite* geen saligheid is nie. Niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, behoort hom daaraan te onttrek om op sy eie te bestaan nie, maar dat hulle almal (wat sê dat hulle glo) verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig.
- Dit is die algemene geloof. As iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie. Verder is dit die belofte van die Evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Weerlê, verwerp, verhard vergeet..... maak net soos u wil. Onthou
egter: hierdie stellings staan ewig vas. Ons bede is: Onderwerp u!

W. J. DE KLERK

Die gebou in sesde laan ...

Jy ry baie daar verby. Snaaks dat mense soveel geld kan bestee aan 'n gebou wat gerus maar 'n wit olifant genoem kan word. Die totale koste was glo R40,000 . . . . dis 'n plaas se geld! Is dit die koste werd, want hierdie gebou word maar net so skuins verby honderd uur per jaar gebruik.

Jy was nog nie in die gebou nie. Dit maak ook nie saak nie, want jy stel nie eintlik belang nie. Ek wil jou tog uitnooi om saam met daar rond te stap.

Merk jy op dat die argitektuur van hierdie gebou 'n boodskap het? Die sterk-sprekende lyne wys boontoe, weg van die aarde af en die hoogste punt trek die oog na die onpeilbare blou ruimte. Die vorm van die dak is soos vleuels wat in 'n beskermende houding uitgesprei is. Verstaan u hierdie boodskap? Die mense wil in sesde laan in klip en staal aan die omgewing vertel dat hulle opkyk na die hemel — na God. In God voel hulle veilig, want daardie dak oor hulle is simbool van die beskerming van die Here: "Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil."

Kom ons gaan binne . . . Wat sien jy? Rye en rye banke wat stil en afwagtend uitsprei vanaf 'n middelpunt. Daardie middelpunt noem ons 'n preekstoel. In hierdie gebou word daar baie gepraat en baie geluister. Daarbo, sigbaar vir almal lê die Boek met die goue sykante. Dit is die Bybel. Hierdie pilaar met die goue skaal is die doopvont, en daardie tafel met sy silwerbekers is die nagmaaltafel. Jy ken tog die pypvingers van 'n orrel — ja hier word ook baie gesing. Ek sal jou maar daarvan vertel.

Die Bybel daarbo op die kateder is die Woord van God. Dit is eeue oud en is op wonderbaarlike wyse aan ons oorgelewer. Ek glo die Bybel, want die gesag waarmee dit spreek, is ondubbelsinnig. Opgrawinge het die historiese betroubaarheid daarvan bewys, en die inhoud daarvan, die vervulde profesieë en die logiese ontwikkeling van sentrale gedagtes is eenvoudig boeiend. In hierdie gebou word die Bybel verklaar en toegepas in die lewe van vandag. Die Bybel is só raak en op die man af — so asof dit presies vir hierdie tyd en vir hierdie tyd se mense geskrywe is. Die predikant is die man wat op daardie platvorm staan om die Bybel vir ons "oop te maak" — so tussen ons gesê: hy is maar soms vervelig, hoor. Maar as jy jou inspan om God se Woord te hoor, hinder al sy drukte en keelskoonmaak jou ook nie meer nie.

So lyk ons Psalmboekie . . . Eeue oud maar so ontroerend mooi. Vandag nog kan ons in die taal van Dawid ons diepste sielelyding, ons ootmoedige gebede en jubelende danksegging voor God ontsluit. Man, dis 'n onvergeetlike ervaring.

Die doopplegtigheid kom uit die dae van Abraham en die nagmaal van Moses se tyd. Jesus se belofte van skuldvergiffenis is die inhoud daarvan. Ons vier dit vandag nog as tekens en seëls van die verbond van God met sondaarmense.

Eintlik moet jy al hierdie dinge in werking sien. Die dominee wat die Woord van God preek, die gemeente wat luister en antwoord, die kindertjies wat verras en gekonsentreerd die ogies ooprek as die waterdruppels op hulle val, die geboë hoofde as die brood en wyn rondgestuur word. Die Gees van God, so is die belofte en so ervaar baie mense dit, is in al hierdie dinge teenwoordig. Dit gee aan die mense 'n diep vrede en gelukkigheid.

Die gebou in sesde laan is vir ons meer as R40.000 werd. Die Here is Sondae in besonder op hierdie plek.

As jy weer hier verbyry, moet jy mooi oplet — dit is net asof iets vir jou wink.

W. J. de Klerk.

DIE GIF IN DIE BOTTEL

- In Pretoria is die volgende statistieke vrygestel i.v.m. behandeling van alkoholiste in die Castle Carey kliniek gedurende 1961. **Dit geld alleen vir die Pretoria gebied.**

730 persone is behandel, waarvan 15% onder 30 jaar was. Die gemiddelde ouderdom waarop begin drink is, is 20 jaar. Van hierdie getal is 481 staatsdiensamptenare.

- Opmerklik is die opsomming van bydraende faktore:
  60 % van dié alkoholiste se ouers het volop drank gebruik.
  45 % van hulle huwelike is ongelukkig.
  43% van hulle is ongelukkig in hulle werk.
  66 % van dié mense is Afrikaners.

Dit moet vir die leser as waarskuwing dien. Pasop vir die soetwyn!

Psalm 23

Net soos 'n herder uittrek met sy skape
en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters -
so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede
in vaste spoor van sy geregtighede.

En is ek soos 'n skaap in doodsgevare,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,
van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan -
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking
omdat u staf my troos is en verkwikking.

U bring vir my die tafel in gereedheid,
my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae;
en in u huis, daar bly ek al my dae.

Gesprek by die geslote deur

" . . . en die deur is gesluit".

" . . . Meneer, meneer, maak vir ons oop".

..... Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie".

(Matth. 25:10, 11, 12.) " . . . **En die deur is gesluit".**

Dit laat 'n rilling deur mens gaan: die gedagte om buite gesluit te word. Net so warm en veilig as wat 'n geslote deur aan die binnekant is, so koud en afstotend is dit aan die buitekant. Het u al by so 'n toe deur gekom, veral van 'n dierbare, miskien 'n vriend, u vrou of dalk van u moeder — hoe erg is dit nie?

Maar hoe ontsettend, benouend, hoe onuitspreeklik smartlik moet dit nie hier wees nie — u ken mos nog hierdie gelykenis uit Matthéüs 25 — **hier kom die mens by Gód voor 'n geslote deur!**

'n Huiweringswekkende waarheid, waarmee ons wat binne die kerk is, sowel as u daarbuite, ernstig rekening moet hou.

Die vyf dwase meisies voor die geslote deur van **God!**

Die deur wat altyd oopgestaan **het** — wyd oop — wat altyd uitgenooi het: "Kom binne;" die deur waardeur God duisend kere geroep het: "My seun, my dogter, gee my jou hart; neig jou oor tot My; luister en jou siel sal lewe;" die deur wat oop was in Jesus Christus: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie; Ek is die deur van die skape, wie deur My ingaan, **sal lewe; wie in My** glo, het die ewige lewe; my liggaam is waarlik spys en my bloed is waarlik drank" — die deur wat elke dag oop was in die Bybel, in die gebed, in die kerk; ja — die deur is nou vir hulle gesluit.

Binne is God met sy gesaligdes en sy lig en liefde en heerlikheid; 'n ewige fees!

Maar buite!

Buite hierdie dwase met hulle broers en hulle susters in die nag met sy koue, sy rampsaligheid, sy angs, sy pyn, sy duisternis; 'n ewige smart!

Hulle kom voor die toe deur met hulle dooie lampe.

Uit die donker hoor **ons hulle roep:**

" . .. Meneer, meneer, maak vir ons oop!"

Nou wil hulle inkom — nou dat dit te laat is en die deur toe is. Toe dit elke dag voor hulle oopgestaan het, **het hulle** hul nie daaraan gesteur nie. Toe het hulle net 'n oop oog gehad vir eie voordeel, eie plesier, die oop deure van die wêreldsale se drumpels uitgetrap en by sy banke gekoop. Die tyd, die middele wat God hulle gegee het om olie te koop, het hulle in eie diens vermors. Nou op die einde, as God sy punt gesit het agter hulle lewe, wil hulle "gou die Bybel gryp en die dominee laat kom", of pleit op hulle goeie dade: "Here, het ons nie in u Naam duiwels uitgedryf nie;" ek het tog ook gebid, kerk toe gegaan; my ouers was vroom. Daarom: "Meneer, meneer, maak vir ons oop!"

Die déúr egter, bly dig.

Tog kry hulle antwoord van binne:

" . . . **Voorwaar ek** sê **vir julle,** Ek ken julle nie".

'n Skrikwekkende antwoord; om dit van God te hoor; hulle ewige doodsklok; julle is onbekendes vir My. Ek het julle nie met brandende lampe in die bruidstoet gesien nie. Nee dis nie my skuld dat Ek julle nie ken nie, dis julle eie skuld. Ek het soveel kere aan julle harte geklop om kennis te maak, maar julle wou nie. Julle het wel dikwels saamgeloop, maar julle wou My, met my kruis en my liefde, nooit binnelaat nie. Julle het julle hele lewe, by My as 'n Vreemde verbygeloop; My op 'n afstand gehou; **en nou is dit te laat** . . . te laat om kennis te maak; nou is julle ook vreemdes vir My. Julle plek is "buite by die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en by almal wat leuens liefhet en doen" (Openb. 22:15) En Hy bevestig dit met 'n eed: "Voorwaar Ek sê vir julle, Ek ken julle nie". Ontsettend!

Hierdie gesprek by die geslote deur: **Van buite:** . . . "Meneer, meneer maak vir ons oop!"

Van binne:..... Voorwaar Ek sê **vir julle,**

Ek ken **julle nie".**

Maar geliefde leser, dank God vir hierdie gelykenis en vir hierdie vreeslike gesprek.

Want dis 'n tydige en ernstige waarskuwing vir u en vir my.

'n Waarskuwing vol van genade — louter evangelie!

Kyk, dit open ons oog vir die soveelste, of is dit miskien vir die eerste maal, vir die heerlike waarheid:

Die deur is nog oop!

Dis nóú nog nie te laat nie!

Daar is nog tyd; tyd om olie te koop; Christus te leer ken; **Hom te omhels;** u skuld te bely; u naaste **te** vergewe; Die Bruidegom reg te verwag. "Vandag is die dag van genade." "Koop die tyd **uit** omdat die dae boos is."

"Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen."

Doen u dit, sal u in die laaste uur betrokke raak by 'n ander gesprek, die gesprek by die oop deur waar u die verrassende woord sal hoor: "Goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in die vreugde van jou Here."

Die tyd is kort!

"Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."

P. G. W. du Plessis.

IDEE OF HISTORIE ?

"Gestel dat een of ander geleerde tot 'n tydgenoot van Alexander die Grote sou kon sê: 'Alexander die Grote was geen historiese persoon nie, maar net 'n idee, 'n simbool', dan sou die tydgenoot met 'n tikkie verbasing antwoord: "Wat praat u, meneer: Alexander die Grote: 'n idee? U weet niks van hom af nie, vra vir my, want ek was self nog op verskillende veldtogte met hom saam. As u 'n suiwer beeld van ons groot vors wil hê, moet u gaan luister na hulle, wat oor- en ooggetuies van hom was." Só is dit nou ook met Jesus Christus. Dis nie die historiese bronne wat ons noop om Hom as 'n idee of simbool te beskou nie, maar wel 'n bepaalde twyfelagtige geleerdheid.

"Wat sou die dissipels, wat drie jaar lank met Jesus gewandel het, nie verwonderd opkyk na die later teorieë oor Christus as idee en simbool nie. Hulle sou ook diep verontwaardig gewees het oor die feit dat die mense op so 'n hoogmoedige wyse van Jesus Christus iets maak wat in hulle eie kraam pas. Johannes put hom uit om juis die historisiteit van Jesus te verkondig. Met alle sintuie het hulle Hom kon waarneem. Hulle het Hom met eie oë gesien, met eie ore gehoor, met eie hande getas. Hierdie historiese werklikheid verkondig Johannes, sodat ons vandag nog met die eerste apostels gemeenskap sou hê deur dieselfde geloof in Jesus Christus.

"Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe . . . verkondig ons aan julle sodat julle ook gemeenskap met ons mag hê '.

"Dit is vir ons op verskillende maniere voorgehou dat die aanvaarding van Jesus as 'n algemene (universele) Christusidéé of simbool van die eg menslike, 'n baie hoër stadium in die geestesgeskiedenis van die mens sou verteenwoordig, as die gelóóf in die historiese Jesus. Daar is niks wat minder waar is nie. Wie Christus vervlak tot 'n onpersoonlike en bo-persoonlike idee of wat ook al, verwyder hom van die oorspronklike evangelie. Ons kan trouens ook nie gered word deur simbole en idees nie. Selfs die Ou-Testamentiese simbool van die offers kon geen sondaar red nie, maar dit het gewys na 'n historiese koms van God, wat sy verlossende sondaarsliefde in sy Seun geopenbaar het. So min as wat die voorskrif van 'n dokter, 'n mens kan genees, net so min kan 'n idee of simbool die werklike skuld betaal. So waaragtig as wat ons sonde die **roue werklikheid** is, so waaragtig is God se verlossing **genadige werklikheid.** Mens oorwin feite nie met voorskrifte wat voorskrifte bly nie, ook nie met simbole nie. Teenoor die feit van die sonde staan die feit van God se verlossing. Geskiedenis roep om geskiedenis."

Lees: 1 Joh. 1.

So skryf **Ds. J. Overduin** oor Jesus Christus in sy Dagboek "Venster op het Leven" by 6 Februarie. Wat glo u?

NET VIR MANS

My seun, luister na my wysheid, neig jou oor tot my verstand; dat jy volle oorleg kan behou en jou lippe kennis kan bewaar; want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wildeals, soos 'n swaard aan weerskante skerp.

Hou jou weg ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie.

Want ek het deur die venster van my huis, deur my venstertralie uitgekyk, en ek het onder eenvoudiges gesien, onder die jongmense 'n verstandelose jongman opgemerk, wat op die straat verbygaan naby haar hoek en in die rigting van haar huis stap, in die skemer, in die aand van die dag, in die middel van die nag en die donker.

En kyk, daar kom 'n vrou hom tegemoet, soos 'n hoer aangetrek en listig van hart — sy is onrustig en losbandig, haar voete kan nie in haar huis bly nie; nou buitekant, dan weer op die pleine, en sy staan by elke hoek en loer.

Sy het hom verlei deur haar baie mooipraatjies, deur die gladheid van haar lippe het sy hom verlok.

Hy loop skielik agter haar aan soos 'n bees wat na die slagpaal gaan, en soos voetboeie wat dien tot tugtiging van die sot, totdat die pyl sy lewer splits; soos 'n voël haastig na die vangnet vlieg — sonder om te weet dat dit ten koste van sy lewe is.

Hoor dan nou na my, kinders, en luister na die woorde van my mond.

Laat jou hart nie afwyk na haar weë nie, dwaal nie rond op haar paaie nie.

Want baie is die gesneuweldes wat sy laat val het, en talryk almal wat deur haar vermoor is.

Haar huis is weë na die doderyk, wat afdaal na die kamers van die dood.

DIE BYBEL IN DIE SPREUKEBOEK

VERLATENHEID

Here ek is verlate. Niemand is by my nie. Die mense om my heen kan my nié help nie. Elkeen het sy eie probleme. Ek ook. En wie sal dit verstaan?

Hulle sê, Here, dat daar in groot stede 'n telefoonnommer is wat jy kan skakel as jy in nood is. Miskien kan die mens aan die ander kant tog ook nie help nie. Maar daar is 'n oor wat luister en 'n stem spreek. Ek weet nie wat die stem sê nie, maar dit hinder ook nie, daar is 'n stem, en dit is belangrik.

Maar ek is verlate, God, verlate. Baie het heengegaan, vader en moeder. Ag, jy kry wel soms 'n ondersteuninkie van hierdie of daardie. Dit is nie meer as maar net 'n handreiking aan 'n dame wat uit die trein stap. 'n Jongman dra haar tas tot op die perron en dan gaan hy sy eie weg; die dame staan by haar tas. Sy moet dit dra. Elkeen het sy eie weg.

Ja Here, ek is eensaam. As iemand op besoek kom, praat jy wel oor dit en dat maar as hy weggaan, lyk dit asof alles maar ongesê kon gebly het. Sou hy dit nie ook maar dink terwyl hy na sy huis gaan nie.

God —— mag ek u stem hoor.

In die stilte 'n stem. U stem.

Here ek voel my so verlate.....

M. WARNER.

"Het Leven is een krijgsbanier
door goede en kwaade dagen,
Gescheurd,
Geulekt,
Ontvallen Schier,
Kloekmoedig voorwaarts dragen
Het Leven is geen vrede alhier,
geen wapenstilstand vragen
tot in Gods Handen dragen."

Het Leven is: de kruisbanier

GUIDO GEZELLE